# GELDSAKE

## Deel 2 – Die Beginsel van Saai en Oes

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle ’n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Is jy iemand wat hou van die plaas- of buitelewe? Wat geniet jy die meeste daarvan? Sou jy jouself as 'n tuinier beskryf?**

**In watter area van jou lewe geniet jy voorregte en voordele waarvoor jy nie noodwendig gewerk of gearbei het nie? In watter area van jou lewe moet jy egter slegte gevolge dra van ander se verkeerde keuses? Hoe laat dit jou voel dat ander mense se keuses 'n invloed op ons lewe het? Hoekom vergeet ons maklik dat ons keuses ook gevolge vir ander inhou?**

**Hoekom dink jy sukkel mense om te sien hoe hulle huidige keuses, gewoontes en praktyke 'n invloed op hulle toekoms gaan hê? Sou jy sê mense is ingestel op die konsep van saai en oes? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Korintiërs 13:5 en Galasiërs 6:4-9. Hoe kan ons prakties ons finansiële gewoontes en gedagtes oor finansies ondersoek?**

**Hoekom sal mense eerder hulself met ander vergelyk as met hulle eie oortuigings of dit wat God van hulle verwag? Watter invloed het die goedkeuring van mense baie keer op ons finansiële gewoontes en praktyke?**

**Wat dink jy beteken dit om op die "*akker van die sondige natuur*" te saai? In watter area van jou lewe is jy geneig om die denkwyse van die wêreld te volg, eerder as dit wat wys is? Verduidelik.**

**Lees weer vers 9. Hoe kan jy keer dat jy moeg word en verslap in jou toewyding aan die Here?**

**2 Korintiërs 9:6-11. Watter deel in hierdie gedeelte spreek tot jou? Verduidelik.**

**Watter gesindheid is vir God belangrik as dit kom by ons finansies volgens hierdie gedeelte?**

**In die preek is 'n paar waarhede genoem wat ons moet onthou as ons dink aan die beginsel van saai en oes. Watter een het meer tot jou gespreek? Watter een was 'n goeie herinnering? In watter area van jou lewe moet jy meer begin saai en ophou om te wag vir beter omstandighede? Hoe kan jy hierdie week daarmee begin?**

**Lees Hebreërs 11:6. In watter area van jou finansies het jy meer geloof in God of sy beginsels nodig? Bid vir mekaar vir hierdie areas. Wat kan jy prakties doen om geloof in hierdie areas te saai? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**